**11 Mei** **Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:1-10**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:2**

## Om na God se Woord te smag

Die Here het ’n bedoeling met ons op aarde. Hy wil dat ons Hom moet dien, aanbid en eer (vs 7). Hy wil ons vernuwe tot ’n geestelike huis waarin die Gees kan woon (vs 5). Hy wil ons afsonder as sy eiendom (vs 9). Hy wil dat elke kind van Hom veilig in die hemel sal aankom (vs 2). As dít God se wil en God se doel met jou lewe op aarde is, wie sal dan nie hierna smag nie? Petrus wil die smagting van die Godskind intens deurgee en vergelyk dit met ’n baba wat na melk smag. Dit is al waarna die baba verlang. Dit is sy hele bestaan – melk! Jy weet mos hoe vurig en blywend en gereeld huil die baba in sy smagting na melk, nie waar nie?

Só moet jy en ek na God se Woord smag. Ons moet smag na die kerk wat hierdie Woord verkondig, want daardeur kom bevryding, geloof en die voleinding van die wil van God! Die evangelie van Jesus Christus se verlossingsliefde is voedsel vir ’n verslae gees, salf vir ’n opstandige en gebroke gemoed en water vir ’n dorstige siel. Want die evangelie is vol en ryk aan soveel heerlike beloftes wat alleen waar is as jy in Hóm glo!!! Deur die evangelie is ons só naby aan God, omdat dit die instrument is wat die Heilige Gees ook vandag gaan gebruik om jou te troos en sterk te maak. Bid dat die Here sy wil oor jou sal laat geskied en dat jy sekerheid sal hê dat elke belofte in die Bybel ook vir jóú waar is.

*Sing: Psalm 42:6, 7* *Ds. NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)*